BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT

Kennisgewing no. 119/2008

NOMINASIE VIR VOORSITTER en LEDE VAN WAARDASIE-APPèLRAAD VIR BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT

Die Minister vir Plaaslike Regering : Provinsie Wes-Kaap nooi hiermee geïnteresseerde persone uit om as lede van die Waardasie-Appèlraad in die jurisdiksie van Beaufort-Wes Munisipaliteit in te dien. Die Raad bestaan uit die volgende lede:-

VOORSITTER; en
LEDE vir die Waardasie-Appèlraad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes op te treë

Die funksies van die Waardasie-Appèlraad, gestig ingevolge die bepalings van Artikel 56 van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet no. 6 van 2004, behels die:- Aanhoor van en besluitneming oor appèlle teen die besluite van 'n Munisipale Waardeerder rakende besware ten opsigte van aangeleenthede opgeteken in, of weggelaat uit, die waardasielyste van die Munisipaliteit; hersien en besluite geneem deur die Munisipale Waardeerder soos voorgelê ingevolge Artikel 52 van die voormelde wet.

Die Voorsitter van die Appèlraad en die Waardeerder van die Munisipaliteit moet verseker dat die waardasielyste in ooreenstemming met die besluite van die Appèlraad gewysig word.

Aanstellingsvereistes:-

Voorsitter: Moet 'n afgetrede regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wees of enige persoon wat as 'n advokaat in die Republiek van Suid-Afrika praktiseer vir ten minste 10 jaar of enige persoon met 'n regskwalifikasie en ondervinding ingevolge die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAQA); voldoende ervaring van die administrasie van regspleging.

Lede: Ten minste **twee** maar nie meer as **vier** lede nie met voldoende kennis en/of ervaring van eiendomswaardering waarvan ten minste een lid 'n professionele waardeerder en geregistreer moet wees ingevolge die Wet op die Eiendomswaardeerdersprofessie, Wet 47 van 2000.

Vergoeding: R3,011.00 per dag as Voorsitter en R2,240.00 per dag as Waardeerder en/of Lid. Aanpassings van vermelde vergoeding word jaarliks deur die Minister van Finansies in terme van die nuwe Nasionale Tesourieregulasies gemaak soos van toepassing op Nie-

Amptelike lede. Die vervoertoelae is baseer op die nasionale tariewe van die Departement van Vervoer.

Termyn: Die aanstelling is vir minstens vier jaar, maar lede kan ook in aanmerking geneem word vir heraanstelling.

Die kennisgewing het vir die eerste keer op **03 Oktober 2008** verskyn.

Standplaas Beaufort-Wes

Munisipale Bestuurder
J. Booysen

Navrae:- Mnr. F.J.J. van Rensburg : Sel. 076 768 0453
of
Me. N.E. Mfundisi : Tel. 023-414 8020 [gedurende normale kantoorure]

Sluitingsdatum vir nominasies : MAANDAG 03 NOVEMBER 2008

Voorgeskrewe nominasievorms is verkrygbaar by mnr. F.J.J. van Rensburg : Sel. 076 768 0453 of Me. N.E. Mfundisi : Tel. 023-414 8020 en moet vergesel word deur 'n gedetailleerde "CV", gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasiesertifikate, ID/Paspoort en rybewys en moet die Munisipale Bestuurder, Beaufort-Wes Munisipaliteit, Privaatsak 582, Beaufort-Wes, 6970 bereik voor of op die sluitingsdatum.

Gunswerwing is 'n oortreding en sal 'n kandidaat diskwalifiseer